# 634. DIE GRONDSLAG VAS EN VEILIG

```
         G                    C
1.  Die grondslag vas en veilig
        G               D
    Yahweh's gemeente sterk,
      G                      C
    is Hy, die Hoeksteen heilig,
       G      D        G
    en Sy verlossingswerk.
        D           G
    Sy volk is afgesonder,
       C        Am      D7
    om so Sy bruid te word
         G                  C
    Sy bloed, o eew'ge wonder,
      G       D       G
    is vir ons heil gestort.

         G                   C
2.  Uit heel die aard' verkore,
        G               D
    tog een met Hom as Hoof;
          G                    C
    deur Hom word ons herbore,
        G    D     G
    een liefde en geloof;
        D              G
    een Elohim bely ons,
          C          Am         D7
    word ons deur brood gevoed,
         G                  C
    een heil'ge doop verbly ons,
      G       D       G
    gereinig deur Sy bloed.

         G                     C
3.  Al moet ons hier verdrukking
        G           D
    of wêreldspot verdra,
      G                  C
    al is daar ook mislukking,
       G       D         G
    al is daar stryd wat pla,
        D                G
    nog is daar troue wagte
         C         Am         D7
    wat roep: "Yahweh, hoe lank?"
         G                  C
    Die nag van bitter klagte
           G         D         G
    word haas die dag van dank.
```

G C
4. Na arbeid en verstrooiing,
G D
na bange sielestryd,
G C
verwag ons die voltooiing
G D G
van vree in ewigheid.
D G
Wanneer geloof verby is
C Am D7
en uitloop op aanskou,
G C
wanneer die stryd volstry is,
G D G
smaak ons Sy eew’ge trou.